OPMERKINGS DEUR FW DE KLERK
TYDENS PANEEL VAN PRESIDENTE
RHEBOKSKLOOF
21 MEI 2015

Dit is ‘n groot eer om hierdie platform te deel met voormalige President Motlanthe. Hy is ‘n leier wat ek nog altyd respekteer het en wat altyd na my mening die beste tradisies van die ANC verteenwoordig het.

Die tyd het aangebreek vir ons om baie eerlik te praat oor die toekoms van ons land.

22 jaar gelede het die ANC, die IVP en sowat 20 ander politieke organisasies - wat die groter meerderheid van al ons mense en gemeenskappe verteenwoordig - ‘n geskiedkundige ooreenkoms oor die toekoms van ons land bereik.

Ons het ooreengekom om ‘n nie-rassige grondwetlike demokrasie te stig wat toegewyd sou wees tot menswaardigheid, die behaling van gelykheid en die bevordering van menseregte en vryhede.

Dit was ons trotste oomblik. Ons het daarin geslaag om eeue van konflik, vrees en ongeregtigheid te oorkom deur rasionele onderhandeling en kompromie. Wat ons gedoen het is deur die wêreld beskou as ‘n wonderwerk - as ‘n voorbeeld vir die oplossing van konflik regoor die wêreld.

Onder die voorbeeldige leierskap van Nelson Mandela het ons begin om die grondslag te lê van ‘n reënboog-nasie. Suid-Afrika het ‘n posisie van respek en invloed in die internasionale gemeenskap ingeneem. President Mbeki en Trevor Manuel het beleide ingestel wat groeivlakke van meer as 5% tot gevolg gehad het; en wat ons nasionale skuld verminder het en internasionale beleggings gelok het.

Hierdie geskiedkundige ooreenkoms en alles wat sedertdien bereik is, word nou bedreig.

President Mbeki se ortodokse ekonomiese beleide was nie vir COSATU en die SAKP aanvaarbaar nie. In wat hulle beskryf het as ‘n stryd om die hart en siel van die ANC het hulle daarin geslaag, saam met ander faksies, om in Desember 2007 tydens sy nasionale konferensie in Polokwane beheer van die ANC te verkry.

Hulle het President Mbeki uitgewerk en verseker dat Jacob Zuma - met sy magtige ondersteuning van die Zulus - as President van die ANC - en uiteindelik as President van die land - verkies is.

Die oorname in Polokwane het uiters negatiewe gevolge vir Suid-Afrika gehad:

Eerstens was die afskaffing van President Mbeki se ekonomiese beleide en die aanvaarding van die SAKP se meer sosialistiese en staatsgerigte benadering die hoofoorsaak van Suid-

Afrika se versuim om die groeivlakke te behaal wat ons nodig het, en waartoe ons in staat is, om werkloosheid en ongelykheid aan te pak.

Tweedens het President Zuma se regsprobleme gelei tot ernstige politieke inmenging in staatsinstellings wat met geregtigheid verband hou. Dit het gelei tot die ontbinding van die hoogs doeltreffende Skerpioene en tot ernstige politieke inmenging in die Nasionale Vervolgingsgesag, die Polisie, en die Skerpioene se opvolger, die Valke. Dit het die weg gebaan vir wydverspreide korrupsie op alle vlakke van die regering.

Derdens was die SAKP na afloop van Polokwane in staat om sy mid-termyn visie na te streef om hegemonie in alle sentrums van staatsmag te vestig. Sonder om 'n enkele stem in sy eie naam te wen beheer dit nou 40% van alle kabinetsposte - met oorheersende invloed in die presidensie en ministeries wat met ekonomiese beleid en eiendomsregte verband hou.

Gwede Mantashe - die sekretaris-generaal van die ANC; Jeff Radebe - die minister in die presidensie, en baie ander belangrike ministers is almal lede van die SAKP se sentrale komitee. Waar lê hul lojaliteit regtig?

Dit alles gaan gepaard met die voortgesette aanstelling van ongekwalifiseerde ANC-kaders in belangrike posisies in semi-staatsinstellings, munisipaliteite, die Polisie en die staatsdiens. Die gevolg is die ernstige erodering van die vermoë van die staat om noodsaaklike dienste te lewer. Die duidelikste voorbeeld hiervan is die huidige krisis by Eskom.

Laastens het die SAKP se sukses by Polokwane die weg gebaan na wat die ANC noem die radikale inwerkingstelling van die tweede fase van die Nasionale Demokratiese Revolusie - met baie ernstige gevolge vir Suid-Afrikaanse minderhede.

Toe Jeff Radebe die sogenaamde tweede fase-benadering in Maart 2012 bekendgestel het, het hy gesê dat veranderinge in die balans van magte in Suid-Afrika en internasionaal die ANC in staat gestel het om weg te doen met van die grondwetlike kompromieë waarop die 'eerste oorgang' gebaseer is. Dit is in direkte teenstelling met dit waarvoor Nelson Mandela gestaan het.

Die NDR se uiteindelike doelwit is die daarstelling van die Nasionale Demokratiese Samelewing wat gekenmerk sal word deur demografiese verteenwoordiging regdeur die regering, die samelewing en die private sektor ten opsigte van eienaarskap, bestuur en indiensneming.

Manifestasies van die radikale tweede fase sluit in die kansellasie van bilaterale beleggingsverdrae met Europese lande; verskeie wetgewing wat eiendomsregte ernstig sal ondermyn; die SAKP se ekonomiese program wat die Nasionale Ontwikkelingsplan oorskadu; en radikale grondhervorming, BSEB en regstellende aksie.

Die idee is om wit grondeienaarskap, eiendom, maatskappye en indiensneming uiteindelik te verminder tot die ewig dalende persentasie van die bevolking wat hulle verteenwoordig. Dieselfde lot sal die bruin en Indiese minderhede oorkom.

Demografiese verteenwoordiging word reeds streng toegepas in die staatsektor - en minister Rob Davies - 'n lid van die SAKP se sentrale komitee - eis dat dieselfde in die privaatsektor moed plaasvind.

Minister Blade Nzimande - die sekretaris-generaal van die SAKP - is voornemens om demografiese verteenwoordiging by al ons universiteite toe te pas. Daar sal geen plek wees vir Afrikaanstalige universiteite nie en Afrikaanse skole verkeer onder toenemende druk - ten spyte van die grondwetlike reg op onderrig in die taal van jou keuse.

Die radikale inwerkingstelling van die tweede fase sal lei tot die ontmagtiging van minderhede wat elke deel van hul lewens betref - die ekonomie, nasionale erfenis en in skole en universiteite.

Die stelsel sal natuurlik stelselmatig bekendgestel word met waarna die ANC verwys as "diskresie van takt en beginselvastheid" wat swaar weeg op wit skuldgevoel oor die verlede. Dit sal wegdoen met die minderheid se vaardighede slegs wanneer dit nie meer nodig is nie.

Dit alles word glo gedoen om gelykheid te bevorder - maar al die bewyse dui daarop dat regstellende aksie en BSEB slegs 'n klein gedeelte van die swart bevolking bevoordeel het en in werklikheid 'n negatiewe uitwerking het op die groter meerderheid van werklik benadeelde Suid-Afrikaners.

Hierdie nuwe vorm van omvattende rassediskriminasie hou nie rekening met die omstandighede van die betrokke individue nie - of hulle ryk of arm is; jonk of oud is nie. Dit hou nie rekening met die bydrae wat hulle tot die ekonomie en die samelewing gemaak het nie; met hulle kwalifikasies, hul vaardighede en hul ondernemings nie. Dit is vir die huidige bewind voldoende dat hulle aan die geteikende ras behoort.

Dit neem ook nie die groot skade wat aan die ekonomie; aan Suid-Afrika se posisie in die wêreld; en aan ons vermoë om die lewens van miljoene gewone Suid-Afrikaners van alle rasse te verbeter, in ag nie.

Die grootste hartseer is dat dit rasseharmonie en nasionale eenheid ernstig sal bedreig. Dit sal 'n einde bring aan die groot eksperiment wat ons 25 jaar gelede met soveel hoop en welwillendheid begin het.

Dit sal dié dag inlui wat Nelson Mandela belowe het nooit, nooit en nooit weer sou gebeur nie, dat in hierdie pragtige land een groep weer deur 'n ander oorheers word.

Dit is die betekenis van die radikale implementering van die tweede fase van die Nasionale Demokratiese Revolusie.

Dit hou egter nie net ‘n bedreiging vir ons minderhede in nie. Dit is ‘n ernstige bedreiging vir alle Suid-Afrikaners.

- Die wetgewing betreffende eiendomsreg wat tans voor die Parlement dien sal vroeër of later gebruik word om die eiendomsregte van alle burgers te ondermyn.
- Die erosie van die regte van minderhede sal ook lei tot die erosie van die meerderheid se regte.
- Die behaling van die SAKP se openbaar erkende uiteindelike doelwit om ‘n kommunistiese staat daar te stel sal ‘n einde maak aan ons grondwetlike demokrasie en die regte en vryhede van alle Suid-Afrikaners.

Suid-Afrikaners uit al ons gemeenskappe - insluitend baie lede van die ANC wat diep bekommerd is - moet verstaan dat die toekoms van ons nie-rassige grondwetlike demokrasie in ons eie hande lê. Ons moet gebruik maak van al die magte en regte wat die Grondwet aan ons gee om ons nie-rassige demokrasie te verdedig:

- Ons moet gebruik maak van ons reg op vrye politieke aktiwiteit om in die Parlement te veg teen die radikale tweede fase.
- Ons moet dit uitdaag in die Howe;
- Ons moet daarteen argumenteer in die media en op die slagveld van idees;
- Ons moet gebruik maak van ons reg tot vrye assosiasie, ons reg om te protesteer en om te staak - ter ondersteuning van nie-rassigheid en die ander fundamentele waardes in die Grondwet.

Ons moet bewys dat daar ander, baie beter maniere is om 'n samelewing te bereik wat gegrond is op gelykheid, geregtigheid en vryheid vir al ons mense.

Die ANC/SAKP maak ‘n fout indien dit dink dat daar ‘n suksesvolle toekoms kan wees sonder die samewerking van al die belangrike dele van die bevolking en die ekonomie. Die politieke oorgang was ‘n sukses juis omdat dit die gevolg was van werklike onderhandelings en kompromieë tussen al die dele van ons bevolking.

Daar was nog nie ‘n behoorlike debat of oorlegplegingsproses oor die sogenaamde tweede fase nie. Dit is onversoenbaar met die ooreenkomste wat ons gesluit het. Ons aanvaar dit nie en sal dit teenstaan met al die magte wat die Grondwet in ons hande plaas.

Ons Suid-Afrikaners moet weer met mekaar in gesprek tree oor die beste manier om 'n samelewing te bereik gebaseer op menswaardigheid, gelykheid, menseregte en vryhede.

Die doel van so ‘n diskoers moet nie wees om die Grondwet te heronderhandel nie, maar om - binne die raamwerk van die Grondwet - ‘n weg te vind om geregtigheid vir almal te verseker, om gelyke geleenthede vir alle Suid-Afrikaners te ontsluit en om Suid-Afrika weereens ‘n baken van hoop te maak vir al sy mense.